# NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING NR 73/2011

## 1. REGISTRASIE VAN VERSKAFFERS OP DATABASIS VAN DIE MUNISIPALITEIT

Ingevolge artikel 111 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) word die Munisipaliteit verplig om 'n databasis by te hou van alle verskaffers van goedere en dienste aan die Munisipaliteit.

Voornemende verskaffers moet aan Nama Khoi Munisipaliteit se lystings- kriteria voldoen ten einde vooraf te kwalifiseer om gelys te word. Slegs aansoeke wat aan die Raad se voorwaardes voldoen gemeld op die aansoekvorm tesame met die voorgeskrewe dokumente aangeheg, sal oorweeg word vir lysting op verskaffers databasis. Kommoditeite en tipe diens verlang sal in meer besonderhede gemeld word in die aansoekvorm. Aankope gaan op 'n roterende basis geskied vir goedere onder R 5,000-00 en aankope onder R 30,000-00 sal eers van verskaffers wat gelys is verkryg word.

Voorgeskrewe aansoekvorms is verkrygbaar vanaf Mev Ruzan Gertse en Mej E Witbooi, by die Hoof Munisipale gebou, Nama Khoi Munisipaliteit, Namakwastraat 4, Springbok, 8240 (Tel No: 027 – 718 8139 en 027 - 718-8100; Faks: 027 – 712 1635) teen 'n nie-terugbetaalbare bedrag van R 33.75 (BTW Ingesl) per vorm **(soos goedgekeur deur die Raad tot 30 Junie 2012).** Die betaling moet in kontant geskied of per bank gewaarborgde tjek uitgereik deur 'n bank (betaalbaar aan Nama Khoi Munisipaliteit). Die voornemende applikante moet 'n kwitansie aanheg by die aansoekvorm as bewys dat die aansoekfooi betaal is, andersins sal die registrasie van die verskaffer nie goedgekeur word nie. Die vorms is ook op die webtuiste gratis beskikbaar by die volgende koppel http://www.namakhoi.gov.za/supply-chain-management-scm.

Voltooide registrasievorms moet aan Die waarnemende Munisipale Bestuurder, Mnr. M Booysen, Privaatsak X22, Posbus 17, Namakwastraat, Springbok, 8240, gerig word of kan in die tenderbus te Nama Khoi Munisipale Kantore (Hoofkantoor), te Namakwastraat geplaas word of kan aan die Voorsieningskanaalbestuur kantoor gestuur word of persoonlik afgelewer word.

**NAMA KHOI MUNISIPALITEIT IS TOEGEWYD TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID RAAMWERK, WET 5 VAN 2000, DIE MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUURS, WET VAN 2003, DIE MUNISIPALE STELSELS WET, DIE VOORKEURVERKRYGING REGULASIES, DIE VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSREGULASIES EN ARTIKEL 217 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

**Daar sal streng opgetree word ingevolge bepaalde wette teen persone wat hulle skuldig maak aan onbehoorlike wanpraktyke en onetiese optrede binne die Voorsieningskanaal-bestuursprosesse.**

**Neem verder kennis van paragraaf 10 van die PPPFA Regulasies 2011 wat vereis dat verskaffers hulle geakkrediteerde B-BBEE status sertifikate of vrystellingssertifikaat van hulle geregistreerde Rekenkundige Beampte of Rekenmeester moet indien met elke aansoek. Verskaffers kan nou al reeds begin om die dokumentasie in te handig met hulle verskaffers databasisvorms. (Wet op Voorkeurverkrygingsbeleid Raamwerk (5/2000) Voorkeurverkrygings Regulasies 2011 soos geproklameer op die 08 Junie 2011 (Staatskoerant No. 9544) wat op 07 Desember 2011 inwerking tree)**

---

## 2. KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In terme van BTW wetgewing moet 'n verskaffer die kliënt se BTW nommer op sy geldige faktuur toon indien die bedrag R 3,000-00 oorskry. Nama Khoi gaan slegs fakture betaal wat geldig is en tydig ingedien word by die krediteure afdeling. In terme van wetgewing word die Munisipaliteit verplig om fakture binne 30 dae te betaal na ontvangs van 'n geldige faktuur **(beklemtoon ontvangs nie datum)** en is die Munisipaliteit nie onwillig om te eniger tyd die fakture te betaal nie indien prosedures korrek is.

Dus verseker dat u maandeliks u maandstaat tesame met faktuur of duplikaat fakture voor die 7 de van die daaropvolgende maand ingehandig word by die krediteureafdeling (Mnr R Farmer) en nie aan 'n persoonlid wat goedere ontvang nie, vir tydige betaling en krediteure-rekonsiliasie van u rekening.

Indien u die belastingfaktuur elektronies wil aanstuur verseker dat u aan die vereistes soos daargestel deur die SAID nagekom word en dat u die nodige toestemming kry van die Munisipaliteit. *("Fax plain paper not preprinted froms etc.")* Navrae kan gerig word aan taxinvoices@sars.gov.za in die verband.

---

**Die Voorsienigskanaal-bestuursbeleid is beskikbaar by die Munisipale store en hoofkantoor vir besigtiging. Verdere navrae kan gerig word aan Mnr B R Boois (Afdelingshoof: Uitgawes- en Voorsieningskanaal-bestuur by e-pos brandon.boois@namakhoi.gov.za, tel no 027 – 718 8127 of Mev R Gertse (Assistent – Rekenmeester: Voorsieningskanaalbestuur) by e-pos ruzan.jacobs@namakhoi.gov.za, tel no 027 – 718 8146.**

**MNR M BOOYSEN**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER** — **26 AUGUSTUS 2011**

# NAMA KHOI

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

I GAI OIBA SISENBA

Alle korrespondensie moet gerig word aan die: MUNISIPALE BESTUURDER

All correspondence to be addressed to:
MUNICIPAL MANAGER

Posbus / P.O.Box 17
Privaatsak / Private Bag X22
SPRINGBOK 8240
☎ (027) 7188100
🖷 (027) 7121635
🖷 Email:springbok@namakhoi.org.za
Web: www.namakhoi.org.za

Navrae / Enquiries: B R Boois - 8127
Ons Verwysing / Our Reference 8.1.B

## KENNISGEWING 73/2011

# VERSKAFFER OMSENDBRIEF 2 (2011/2012)

---

Geagte verskaffer

**REGISTRASIE VAN VERSKAFFERS OP DATABASIS**

In terme van paragraaf 14 van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Raad en Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003)- Voorsieningskanaalbestuurs Regulasies van 2005 moet die munisipaliteit ten minste een keer per jaar 'n uitnodiging rig aan voornemende verskaffers om te registreer op die databasis van die munisipaliteit. Aangeheg vind uitnodiging om te registreer op die databasis van die munisipaliteit.

Neem verder kennis dat verskaffers wat reeds hulle verskaffersdatabasis vorms ingedien met die stawwende dokumentasie eersdags hulle verskaffersnommer gaan ontvang. (30 September 2011)

Indien u nog nie teen die datum 'n verskaffernommer ontvang het nie en al u dokumente is reeds ingedien kan u 'n afspraak met Mev Ruzan Gertse maak ten einde een te bekom.

Enige verdere navrae rakende die verskaffersdatabasis kan gerig word aan Ruzan.Jacobs@namakhoi .gov.za,Ebenice.Witbooi@namakhoi.gov.za en Brandon.Boois@namakhoi.gov.za .

Ek vertrou op u heelhartige samewerking in die verband.

Die uwe

**M BOOYSEN**
**WAARNEMENDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

22 August 2011

---

Ns. Kopie (Finansies) Gee deur aan verskaffer met bestelling
Kopie (ICT) Plaas op webtuiste van die Munisipaliteit